NUUSBROKKIES
6 April 2020

DIE COVID-19 INPERKING

Aan U3A Stilbaai lede

Ons is net oor die halfpad merk van ons 21-dag inperking, en ek vertrou dat dit nog goed gaan met julle. Ek weet van 'n aantal lede wat hulself in isolasie geplaas het weens moontlike kontak met mense wat dalk blootgestel was aan die Covid-19 virus. Ek vertrou julle het infeksie vrygespring.

Vals nuus

Ongelukkig doen vals nuus oor die virus die rondtes, dit word versprei deur WhatsApp, Twitter, Facebook, ens. Self van die meer betroubare nuusbronne het soms misleidende nuus (byv. Nuus24 se storie wat skimp dat Bill Gates entstowwe in Afrika wil toets – die storie is nie waar nie en is sedertdien onttrek). Vals nuus doen net soveel skade as die virus, om dit te versprei is net so erg as om die virus te versprei. Maar ons weet darem dat ons lede nie so onverantwoordelik is nie en sal nie vals nuus versprei nie.

Die Departement van Gesondheid het 'n spesiale webtuiste vir Covid-19, sacoronavirus.co.za, wat die jongste nuus en data bevat. Bevestig enige verdagte inligting deur hierdie webtuiste. Die Wêreld Gesondheids-organisasie (WHO) het ook die jongste internasionale nuus op hul webtuiste: www.who.int.

Bly besig tydens die inperking

Die wonderlike inisiatief van Johan van Rooyen van die Voëlgroep wat julle aanmoedig om foto's te neem van voëls in jul tuine of wat jul van jul eiendomme kan sien tydens die Covid-19 inperking (27 Maart tot 16 April), het 'n uitstekende reaksie uitgelok. Johan bly besig om

NEWS ITEMS
6 April 2020

THE COVID-19 LOCKDOWN

To U3A Stilbaai members

We are just over the halfway mark of our 21-day lockdown and I sincerely hope that all of you are still OK. I know of a few members who had placed themselves in isolation because of possible contact with people who may have been exposed to Covid-19, I trust that you have escaped infection.

False news

Unfortunately some false news is doing the rounds, being spread by WhatsApp, Twitter, Facebook, etc. Even some of the more reputable news outlets occasionally carry misleading news (e.g. News24 with their story implying that Bill Gates plans to test vaccines in Africa – the story is not true and the article has since been withdrawn). False news is probably causing as much harm as the virus itself, spreading it is as bad as spreading the virus; but we know our members are not so irresponsible and will not circulate false news.

The Department of Health has a special website for Covid-19, sacoronavirus.co.za, that has the most up to date news and data. Check out any doubtful information on this website. The World Health Organization (WHO) also has the latest international news on its website: www.who.int.

Keeping busy during lockdown

The wonderful initiative of Johan van Rooyen of the Bird Group, asking you to take photos of birds in your garden or that you can see from your property during the Covid-19 lockdown period (27 March to 16 April), has had a tremendous response. Johan has been kept busy sorting and adding the photographs to the C-19 Bird Photo

foto's te sorteer en toe te voeg tot die C-19 Voëlfoto-albums op ons U3A Stilbaai webtuiste – www.u3astilbaai.org (klik op Voëlgroep in die top ry, dan op Foto's, en dan op die album wat jy wil oopmaak). Laat die foto's kom, daar lê nog 10 dae voor (stuur die foto's aan Johan van Rooyen).

As enigiemand goeie idees het om ons besig te hou tydens die inperkings tydperk, stuur hulle tog asseblief aan ons by info@u3astilbaai.org. Ons soek stimulerende aktiwiteite, nie die goed wat meeste van julle seker tot 'n mindere of meerdere maat reeds doen nie – kaste skoonmaak, al die gemors in die motorhuis uitgooi, ens, ens.

Albums on our U3A Stilbaai website – www.u3astilbaai.org (click on Bird Group in the top menu, then on Photos, and then on the album you want to view). Keep the photos coming, there are still 10 days to go (send photos to Johan van Rooyen).

If anybody has any good ideas for keeping busy during the lockdown period, please send them to us at info@u3astilbaai.org. We are looking for stimulating activities, not the stuff that most of you have probably been doing to a greater or lesser degree – cleaning out cupboards, clearing out all the rubbish in the garage, etc, etc.

Lidmaatskap van U3A Stilbaai

Ten spyte van die inperking het ons lidmaatskap gegroei, die ledetal staan nou op 324. Drie nuwe lede het in Maart aangesluit, maar kon nie aan enige U3A aktiwiteite deelneem omdat ons die aktiwiteite weens Covid-19 gekanselleer het (U3A Stilbaai was die eerste organisasie in Stilbaai wat pro-aktief voorkomingsmaatreëls ingestel het). Die U3A komitee het besluit dat die ledegelde betaal deur die drie lede (André & Sandra van Tonder en Jossie Spamer) ook sal ook geld vir ons volgende boekjaar – d.w.s. tot 30 Junie 2021. Dit sal ook geld vir enige nuwe lede wat voor einde Junie 2020 aansluit.

Membership of U3A Stilbaai

In spite of the lockdown, our membership has actually increased, it now stands at 324. Three new members joined in March, but could not participate in any U3A activities as we cancelled them because of Covid-19 (U3A Stilbaai was the first organisation in Stilbaai to take pro-active preventative measures). The U3A committee decided that the membership fees paid by these three members (Andre & Sandra van Tonder and Jossie Spamer) will be effective for our next financial year as well – i.e. until 30 June 2021. This will also apply to any new members joining us before the end of June 2020.

Die toekoms?

Ons weet nie wat in die nabye toekoms gaan gebeur nie, maar een ding is seker en dit is dat ons nie gou na normale aktiwiteite sal terugkeer nie. Selfs na die inperking verby is, sal die beperkings op samekoms, ens steeds in plek wees, 'n mate van sosiale afstandhouding sal vir maande nog vereis word. U3A Stilbaai sal nie normale aktiwiteite hervat totdat ons heeltemal seker is dat ons lede nie meer aan risiko blootgestel sal wees nie.

Hou kop bo water en sorg vir julself; ons sal julle op hoogte hou sou omstandighede verander.

Vriendelike groete

Niel van Wyk

Voorsitter: U3A Stilbaai

6 April 2020

The future?

We do not know what is going to happen in the near future, but one thing is certain and that is that we will not be resuming normal activities soon. Even after lockdown is over, the restrictions on gatherings, etc will still be in place, some social distancing will still be required for several months. U3A Stilbaai will not resume activities until we are quite sure that our members will no longer be at risk.

Hang in there and look after yourselves; we will keep you informed should circumstances change.

Kind regards

Niel van Wyk

Chairperson: U3A Stilbaai

6 April 2020

©2020. U3A Stilbaai. www.u3astilbaai.org; info@u3astilbaai.org.